# Les 2: Die boodskap van die Kruis

## A. Die fokus van Paulus se bediening in Korinthe

1. 1 Korinthiërs 1:17-18; 2:2
2. Hoe het die fokus van Paulus se bediening in Korinthe verskil van dié van sy bediening in Athene? (Hand. 17:16-33)
3. Wat is die boodskap van die kruis soos deur Paulus uitgelig in 1 Korinthiërs 1:17-18? Lukas 23:26-47, 1 Petrus 2:21-24, Johannes 3:16, Romeine 6:23, ens.
4. Paulus noem dit "die evangelie" (goeie nuus). Hoekom is die boodskap van die kruis goeie nuus?

## B. DWAASHEID VIR DIE WAT VERLORE GAAN

1. 1 Korinthiërs 1:18a Hoekom is die boodskap van die kruis dwaasheid vir die wat verlore gaan? (sien ook 1 Korinthiërs 2:14)
2. 1 Korinthiërs 1:22-23 Hoekom was die gedagte van 'n Messias wat sterf op 'n kruis 'n struikelblok vir die Jode? (Deuteronomium 21:22-23)
3. Hoe sou jy reageer as iemand vir jou sou sê: "Ek kan nie sien hoe die dood van 'n Joodse skrynwerker, op 'n Romeinse kruis enige betekenis vir my het vandag nie"?

## C. Die krag van God vir hulle wat gered Word

1. 1 Korinthiërs 1:18 Hoe is die boodskap van die kruis, die krag van God vir hulle wat gered word?
2. Hoekom is dit belangrik om te onthou dat ons nie probeer om onsself te red nie, maar dat ons gered word? Efesiërs 2:8-9
3. Watter wonderwerk is moontlik vir hulle wat aanvaar wat Jesus bereik het op die kruis deur sy dood? Kollosense 1:13-14
4. Wie het jou gehelp om dit wat Jesus vir jou op die kruis gedoen het, beter te kan verstaan
5. Wanneer het jy Jesus persoonlik aanvaar as jou Saligmaker en aan Hom die dank en die eer gegee vir dit wat Hy op die kruis vir jou gedoen het?
6. Hoe het jou waardering vir die boodskap van die kruis gegroei sedert jy die eerste keer Jesus as jou persoonlike Saligmaker aangeneem het?
7. Wat is jou reaksie op die stelling wat Paulus in Galasiërs 6:14 maak?

## D. Die wysheid van God

1. 1 Korinthiërs 1:19-31 Hoe verskil die wysheid van God van dié van die wêreld? (sien ook Jeremia 9:23-24)
2. Hoe was die wysheid van God geopenbaar? 1 Korinthiërs 1:24, 30, Johannes 14:8-9
3. Wat was nog geopenbaar omtrent God deur die lewe van Jesus en Sy dood op die kruis?
4. Wat is die mees effektiewe manier om die wysheid van God met die mense te deel wat die boodskap van die kruis as dwaasheid beskou?